Verwysing: 20201009-8656
Lêerno.: 13/2/3
Navrae: Assesseringskoördineerders by distrikte

Omsendbrief: 0033/2020
Vervaldatum: 31 Desember 2020

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulum-ondersteuning, Vakadviseurs, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunk-hoofonderwyskundiges en Hoofde van inrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen en Senior Sertifikaat-eksamen voorberei

Kort opsomming: *Hersiene vereistes vir die finale berekening van die vakpunte vir graad 10 en graad 11 in 2020.*

**Onderwerp: Hersiene vereistes vir graad 10- en graad 11-vakke in 2020**

1. Die bevorderingsvereistes vir graad 10 en 11 word uiteengesit in die beleidsdokument, *Nasionale beleid met betrekking tot die program- en bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R tot 12* (NPPPR), wat in die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R tot 12, Goewermentskennisgewing Nr. 722 en Nr. 723, *Staatskoerant* Nr. 34600 van 12 September 2011 gepubliseer is.

2. As gevolg van die Covid-19-pandemie en die verlies aan onderrigtyd, het die Departement van Basiese Onderwys (DBO) Omsendbrief S7 van 2020 van 12 September 2020, wat die vereistes vir die finale berekening van die vakpunte vir graad 10 en 11 wysig, uitgereik. Hierdie wysigings **geld slegs vir 2020**.

3. Die wysigings wat vir 2020 geld, is soos volg:

| ***Nr.*** | ***Oorspronklike beleid*** | **Beleid vir 2020 (soos volgens DBO Omsendbrief S7)** |
|---|---|---|
| a | *Gewigswaardes van skoolgebaseerde assessering (SGA): Eksamen is 25:75.* | Gewigswaardes van **SGA: Eksamen** is **60:40**. |
| b | *Praktiese Assesseringstaak (PAT) tel 25% van die finale punt.* | PAT tel **20%** van die finale punt. (d.w.s. SGA: PAT: Eksamen is 60:20:20). |

| | | |
|---|---|---|
| c | *Taalmondelinge tel 12.5% van die finale punt.* | Taalmondelinge: 12,5% van die finale punt (Huistaal en Eerste Addisionele Taal) en 25% (Tweede Addisionele Taal) moet aan mondelinge toegeken word.<br><br>SGA: Mondeling: Eksamen is 60:12,5:27,5 (HT en EAT) en 60:25:15 (TAT). |
| d | *Assessering aan die einde van die jaar is 'n volledige eksamen.* | Assessering aan die einde van die jaar moet 'n beheerde toets wees. |
| e | *Jaareindeksamen gebaseer op al vier kwartale se werk.* | Jaareindeksamen moet 'n beheerde toets wees wat, waar moontlik, al die kwartale se werk dek. |

4. Die toets aan die einde van die jaar moet:

   (a) opgestel word volgens die inhoud waarin alle leerders onderrig is.
   (b) hou by die voorgeskrewe standaarde betreffende die inhoudsdekking en moeilikheidsgrade. Die kognitiewe verspreiding van die beheerde toets moet hou by die bepalings van elke vak wat in die Verkorte Kurrikulum in Omsendbrief 0018/2020 van 03 Augustus 2020 uiteengesit is.
   (c) onder streng beheerde toestande afgeneem word.
   (d) die Covid-19-voorskrifte vir formele assessering volg (dra maskers, fisiese afstand handhaaf, die ontsmetting van hande).
   (e) hou by die voorskrifte van die vooraf-moderering en post-moderering om voldoening aan standaarde te verseker.

5. Fundamentele vakke (Tale, Wiskunde, Wiskundige Geletterdheid) sal die vereiste getal vraestelle met 'n verkorte tydsduur aanbied.

6. Alle keusevakke moet verminder word tot die getal vraestelle van een beheerde toets per vak.

7. Die kontroletoetse vir graad 11 behoort twee ure te duur en, waar van toepassing, die komponente van beide vraestelle bevat.

8. Die kontroletoetse vir graad 10 behoort een uur te duur en, waar van toepassing, die komponente van beide vraestelle bevat.

9. Geen algemene toetse of eksamens nie (d.w.s. distrik of groep, ens.) mag in graad 10 en graad 11 afgeneem word nie.

10. As 'n skool 'n volledige eksamen wil aanbied, moet hulle die distriksdirekteur nader om goedkeuring, mits die gewigswaarde per vak sowel as die vorderings- en bevorderingsvereistes, soos bepaal deur die DBO vir 2020, nagekom word.

11. Die DBO het die volgende dokument verskaf: ***Guidelines on the Revised Promotion Requirements, Grades 10 to 11***, wat by hierdie omsendbrief aangeheg is.

12. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle onderwysers en kandidate by u skool, en lig asseblief die ouers in dat hierdie verandering slegs op 2020 van toepassing is.

**GETEKEN:** BK SCHREUDER
**HOOF: ONDERWYS**
**DATUM:** 2020-10-16